
Die Legende van Welverdiend.

As mens in die middel van die nag wakker skrik met sweet druppels wat oor jou voorkop rol, is dit nie omdat jy in Hoedspruit bly nie, maar omdat jy jouself net nie kan help om te droom van 'n bul onder die bulle, 'n ware trofee koedoe-bul. Ek het hom die eerste keer gesien, sku en skugter het hy vinnig agter 'n rooibos verdwyn toe hy die geluid van die jagters se skoene op die grond agter my hoor. Ek het vinnig beduie dat hulle moet stilbly, en doodstil staan. Die bul het ons aangeloer asof te sê "Kyk en kyk mooi want julle gaan my vandag nie kry nie". Die kliënte wou nog vra toe sê ek vinnig "Hy's klaar weg". Die koedoebul kon ek net nie vergeet nie, die grys bruin horings een effens reguit en die ander met diep draaie, sy breë kop en trotse blik.

Die tweede keer het ek hom uit die Lugmag Helikopter gesien. Hoedspruit omgewing is bekend vir die Lugmag Basis en as ons gelukkig is mag daar soms een van ons sivvie mense saamvlieg. Ons het die middag laag gedraai heen en weer oor die dorp. Ek het gevra of dit moontlik is dat ek dalk die plaas vanuit die lug mag sien en aangesien die basis daaraan grens was dit geen probleem gewees nie. Woep woep woep laag oor die bome klap die skroeflemme van bo af. Ek sien kameelperde, rooibokke en blouwildebeeste tot 'n skaam steenbokkie duik onder die bome in en toe meteens staan hy daar my Koedoebul! Ek kon dit nie glo nie! En net so vinnig as wat hy daar staan net so vinnig verdwyn hy weer eensklaps…

Een oggend kwart oor vyf ry ek lyndrade. Somers oggende op Welverdiend is die beste, die vars lug en geur van die grond na die aand se rëenbui, voëls in die bome wat vroegdag al hul liedjies roep vir almal om te hoor. Skielik om 'n draai in die pad vang iets my oog, nee dit kan nie wees nie.. My Koedoe! Maar iets is fout hy lyk moeg en siek. Ek skakel vinnig die bakkie af, sodat hy nie sal skrik nie. Jagter en Koedoe staar na mekaar. Hy het gewig verloor maar sy horings lyk nou nog langer en dikker as ooit. Die groot bruin oë kyk my aandagtig aan, maar daar is geen veg, niks van die 'Grey Ghost' Legende meer in hom nie. Stadig draai hy hom en verdwyn in die bos. Ek het terug gery huistoe en my geweer gaan haal. Roftie wou nog mik vir die bakkie, toe ry ek reeds. Daardie Koedoe gaan nie lank hou nie vandag gaan hy gejag word.

Ek het sy spoor gevolg, stadig en rustig want hy sou nie te vêr gaan nie. Wel so het ek gedink, uiteindelik twee uur die middag het ek weer sy spoor opgetel en het geweet dat dit nou nie lank gaan wees nie. Ek loop met moë voete, tree vir tree. Waar sal die Ou Man heen gaan die tyd van die dag, water, dit is waarheen. Hy sal vinnig drink en dan weer laat spat.
Ek tel spoed op en mik na die rivier toe. Daar is nog poele water hier en daar waar hy sal kan suip en kan sagter loop, moeiliker maar sagter.
So het ek hom gevolg vir vyftien minute al langs die rivier loop af.
Skielik het die spore in die loop verdwyn.



In die rivierloop sou dit moeilik wees dis dig daar langs die kante en die Koedoe kan enige plek wees. Versigtig loop ek verder, en daar soos die Groot Oom daarbo dit wil hê loop hy voor my in.

Ek hoor my hart in my ore druis en weet dit is nou of nooit. Daar is geen tyd om 'n boom te soek as rus nie, 180 treë my 93x62mm is teen my skouer,en ek knyp stukkend. Dit alles gebeur in 'n oogwink. Die knal krap alles om, die ape skree en die voëls vlieg rasend weg alles is deurmekaar. En toe slaan die bul in sy spore neer en brul 'n onaardige brul, een soos wat ek nog nooit vantevore gehoor het nie, en met sy laaste krag tel hy homself op en gee my 'n kyk so asof ek hom geld skuld en draf so 50 treë weg, daar byt hy weer die stof raak en brul weer daai aardige geluid en toe is alles verby. 'n Doodse stilte heers oor die bos al wat ek hoor is die 9.3 dop wat uit die geweer kamer op die sand val. Die CDP 286 grein het finaal sy werk gedoen.
Toe sink dit eers in hierdie is nie net enige Koedoe nie dit is 'n Trofee Koedoe. 'Siegfried Osmers jy gaan my nie glo nie ek het hom gekry" Siegfried sê eers niks net stilte aan die anderkant van die lyn en toe "Ek is oppad". Ons het die plaaswerkers gaan haal en toe hulle die Ou Man sien was daar 'n iets vreemds in die lug, die ongelooflike respek vir die Grys Skim wat so voor ons voete lê, wat vir jare lank sy horings op sy kragtige nek gedra het. Langs sy nek af en oor sy gesig is jare lange merke van baklei oor koeie oor weiding sommer net omdat hy kan.

Ek stap bakkie toe en gaan haal my maatband, 60 duim en die band is klaar."Jy kort 12 duim" sê Siegfried. Toe raak die oomblik vir my net te veel, want as jong seun het ek gedroom om 'n Koedoe te skiet wat my maatband klaar trek. Siegfried klap my op die skouer in geluk. My werkers laai die Koedoe met soveel respek en ontsag, hulle is almal stil in eerbied vir Nhoro die Groot Oom van die Bos. Daardie aand sou dit my tref wat ek gedoen het, net soos die koël die Koedoe getref het.

'n Goeie en eerbare einde aan 'n Legende van Welverdiend.



Dewald Joubert is dan ook die wenner van die Groot Antiloop afdeling by ons jaarlikse prysuitdeling met die Koedoe van 72½". Baie geluk, Dewald!





Hoedspruit komitee 2011

***Voorsitter** – Tienie Loubser - Cell: 082 802 2080 * **O/Voorsitter** – Steven Opperman - Cell: 082 522 4528
***Sekretaresse** - Marinda Groenewald - Cell: 078 540 7023 ***Hoof Baanbeampte** – Herman Stolp - Cell: 073 285 7872
***Baan beampte** - John Jackson - Cell: 082 379 1406 ***Finansies** – Havees Razak - Cell: 072 497 1950
***Sosiaal** - Magda Stolp - Cell: 078 413 3392 ***Baan Instandhouding & Skietdae** - Dewald Joubert - Cell: 076 042 3888